
# SAHARA-AVONTUUR REEKS

No. 21

## Nag van Geweld



Meiring Fouché

## INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Drie Vreemdelinge | 3 |
| 2. | Die Besope Luitenant | 12 |
| 3. | Nag van Verraad | 22 |
| 4. | Die Boodskap | 31 |
| 5. | Gevaarlike Waansin | 39 |
| 6. | Vasgekeer | 48 |
| 7. | Stinkende Kerker | 57 |
| 8. | Die Wagtendes | 67 |
| 9. | Skanse van die Dood | 76 |
| 10. | Bloed in die Son | 87 |

## Hoofstuk 1

### DRIE VREEMDELINGE

Dit is in die helfte van die namiddag in Fort Laval, die suidelike vesting van die Franse vreemdelegioen in die Saharawoestyn. Dit is 'n middag soos enige ander middag in Laval. Die hitte is soos 'n verstikkende wasem oor die wêreld. Die vlieë trap teister jou en daar is 'n ongerepte stilte wat jou laat voel dat jy skielik in 'n warm ewigheid weggeraak het waaruit jy nooit weer in jou dag der dae sal ontsnap nie.

Hier in die groot slaapsaal van die vesting is daar ook feitlik volkome stilte. Dit is die tyd van die dag wanneer 'n man roerloos op sy bed lê omdat dit voel asof selfs die beweging van jou hand of 'n paar woorde wat jy praat jou geestelik en liggaamlik uitput. Baie van die manne het nie 'n draad klere aan nie. 'n Klompie het darem broeke aan. Een groepie sit by 'n lae bed en kaartspeel. Hul bewegings is loom en stadig en hul liggame glinster van die sweet.

Dit is omtrent die enigste beweging hier in die slaapsaal—die stadige gooi van die kaarte en die trae beweging van die spelers wanneer hulle die speelkaarte skommel. Daarbenewens is daar nog net een stukkie beweging in die slaapsaal.

'n Lang lenige, bruingebrande, blonde man met helderblou oë en wat net 'n broek aan het, lê op sy rug op 'n bed en gooi met stadige bewegings pyltjies na die pyltjiebord wat teen die muur hang. Toe al die pyltjies op is, trek hy die lang mes uit die skede aan sy sy. Hy slinger dit vinnig na die pyltjiebord sodat die blinkende lem trillend daarin vasslaan. Daarmee loop sy belangstelling ook dood. Hy het net nie energie of die lus om daardie pyltjies of die mes weer uit die bord te gaan trek nie. Pleks daarvan, draai hy op sy sy en hy betrag die groot reus wat op die bed langs hom lê. Daar kom 'n geamuseerde uitdrukking in die lang man se oë. In die helder blou oë van Teuns Stegmann, die enigste Suid-Afrikaner in die Franse Vreemdelegioen. Hy is 'n man met die liggaam van 'n atleet, en die krag van 'n swaargewig-stoeier. Iemand met die moed die vinding-

rykheid en die deursettingsvermoë wat hom al dikwels in aanmerking gebring het vir die offisiersrang in die Vreemdelegioen—'n voorreg wat hy nog steeds geweier het omdat hy saam met 'n paar ander manne aan 'n klein geslote vriendekring behoort wat hy nie graag op hierdie manier wil opbreek nie.

En die man na wie hy nou lê en staar, is bekend as die sterkste reus in die Vreemdelegioen. Hy is die Duitser Fritz Mundt.

Fritz se groot borskas beweeg stadig op en neer. Dit lyk amper asof hy slaap.

,,Slaap jy, ou grote?'' vra Teuns.

,,Wie kan nou so op 'n middag in hierdie verderf slaap!'' sê Fritz en draai op sy rug.

,,Weet jy wat wens ek?' sê Teuns.

,,Ek kan raai,'' antwoord Fritz. ,,Jy wens jy is in jou land by die see. Met 'n mooi nooi en 'n bottel bier.''

,,Nee, dit is nie wat ek wens nie,'' antwoord Teuns. ,,Ek wens,'' sê hy knersend, ,,dat hier môre of die dag daarna so 'n hewige aardskudding kom dat dit die mure van Fort Laval met die grond gelyk maak. Wat 'n ellendige, helse nes! Dit lyk asof selfs die vlieë moedeloos is. En om te dink ons moet drie maande hier lê! Drie maande in hierdie gemors sonder dat daar die minste gebeur. Ek is seker in hierdie drie maande gaan ons nie eens 'n kameel sien nie.''

,,Ja,'' sê Fritz met 'n sug. ,,Eendag, wanneer dit nie meer vir my nodig is om deur die poort van Fort Laval te tree nie, daardie dag sal ek weet dat ek 'n verloste man is.'' Meteens swaai Fritz op sy sy. Daar is nou belangstelling in sy oë. Daar is 'n drang op sy gelaat. ,,Tog,'' sê hy terwyl hy stip na Teuns staar, ,,het ek die gevoel dat ons verblyf in Fort Laval hierdie keer nie heeltemal sonder voorval gaan wees nie. Ek het so 'n gevoel dat iets hierdie keer gaan gebeur.''

,,Jy moes 'n Sigeuner gewees het,'' spot Teuns hom. ,,Jy het altyd die een of ander voorgevoel, ou grote.''

,,Stamp maar aan my as jy wil,'' sê Fritz, ,,maar jy sal sien. Ek hou nie daarvan dat hulle ons hierdie keer verdeel het nie. Vir jou en my hierheen gestuur en vir Podolski, Petacci en Jack Ritchie in





Dini Salam laat agterbly het. Dit is nie goed nie,'' sê Fritz. ,,Dit gaan ons geluk breek. Jy sal sien.''

,,Jy is die bygelowigste man wat ek nog gesien het,'' sê Teuns. ,,Ek hou ook nie daarvan dat hulle ons hierdie keer opgebreek het nie, maar ek is darem nie bereid om te sê dat dit op die een of ander ramp gaan uitloop nie.''

Fritz swaai weer op sy rug en druk sy groot hande onder sy kaal kop in. ,,Drie maande,'' sug hy. ,,Drie maande van niksdoen en vervelenheid. Vir my part kan die Arabiere ons maar net so goed aanval, dan het ons ten minste afleiding.''

Meteens raak dit nog stiller hier in die slaapsaal. Teuns, wat hom met 'n ou tydskrif lê en koud waai het, hou skielik daarmee op. Die kêrel wat daar diekant die kaarte skommel, raak skielik stil. Hy sit die kaarte voor hom op die bed neer. Almal luister. Buite in die verblindende son, in die teisterende hitte het 'n opgewonde gepraat losgebars. Dit vul die manne hier in die slaapsaal met belangstelling.

,,Wat gaan nou aan?'' vra Fritz.

,,Dit klink soos 'n handgemeen,'' antwoord Teuns. Dit is 'n heel natuurlike afleiding, want hier in Fort Laval word die manne se senuwees so op die proef gestel, word hul humeure so geteister dat handgemeengevegte hier glad nie buitengewoon is nie en selfs baie maal deur die offisier in bevel oor die hoof gesien word. In hierdie nes kan dit net nie anders nie.

Met hul belangstelling geprikkel, staan Teuns Stegmann op en stap lui na die groot venster wat op die binneplaas van die fort uitkyk. Hy gaan staan voor die swaar ystertralies. Met sy oë nou teen die helder lig van die son, tuur hy na buite. Dadelik voel hy teleurgesteld. Hy sien geen teken van 'n handgemeen waarna 'n man minstens kon kyk nie. Al wat hy sien, is dat twee van die wagte op die borswering aan die suidooste kant van die platform gekom het en daar staan en praat. Hul stemme klink nogal opgewonde. Hulle praat met die offisier van die wagte wat net voor die wagtekamer in die son staan. Hiervandaan kan Teuns nie mooi hoor wat hulle sê nie, maar dit klink tog vir hom asof hulle van 'n

kameel praat. En toe een van hulle met die hand beduie, word dit vir die Suid-Afrikaner duidelik dat hulle blykbaar iets in die oop woestyn gesien het. Hy sien die offisier van die wagte vinnig by die wagtekamer ingaan. Toe draai Teuns weg van die venster en stap terug. Gaan sit op die kant van sy bed en slof sommer sy stewels aan.

,,En nou?'' vra Fritz.

,,Dit lyk vir my hulle het iets gesien,'' sê Teuns. ,,Ek verbeel my hulle het van 'n kameel gepraat.''

,,A!'' sê Fritz gapend. ,,Dalk kry ons tog nog afleiding in Fort Laval. ,,Sê nou dit is 'n pragtige Arabierse prinses wat in die Sahara verdwaal het. En sê nou hulle vra vir ek en jy om haar terug te neem na haar Oase!''

,,Sê nou, sê nou, sê nou,'' terg Teuns. ,,Sê nou die hemel val, dan het ons almal blou musse op.''

,,En waar gaan jy nou?'' vra Fritz.

,,Ek gaan kyk wat hulle sien,'' antwoord Teuns.

,,Foei,'' sê Fritz, ,,'n mens sou sweer jy het nog nooit in jou lewe 'n kameel gesien nie.''

,,In hierdie godverlate wêreld is selfs 'n kameel snaaks,'' antwoord die Suid-Afrikaner en druk sy kepi op sy blonde kop. ,,Vir al wat jy weet, is dit 'n kameel met vyf bene.''

Sonder dat hy dit laat blyk, is Fritz nou ook die ene belangstelling. Hy weet baie goed dat 'n kameel in hierdie deel van die Sahara iets baie, baie uitsonderlik is. Fort Laval lê nie naby een van die groot karavaanroetes nie. Arabiere vermy die vesting sover hulle kan, en selfs Arabierse smouse is nie baie geesdriftig om hier aan te doen nie omdat hulle weet dat omtrent geen man wat gewoonlik hier afloswerk kom doen, enige geld het nie. Die manne word gewoonlik in Dini Salam betaal en nie in Fort Laval nie. Die manne word hier maar net tydelik aangehou omdat dit van geen garnisoen verwag kan word om langer as drie maande hier te sit nie. Dan word hulle teruggetrek na Dini Salam waar hulle in die gewone loop van sake hulle soldy ontvang.

Fritz gly ook van die bed af en trek sy stewels aan, sit sy kepi op.





Toe volg hy vir Teuns na buite. Hulle beweeg stadig deur die binneplaas want die hitte is so intens dat dit voel asof jou bene sommer onder jou kan inmekaar vou. Op hul dooie gemak stap hulle die trap op na die borswering. Toe beweeg hulle met die ou, krakende houtplatform na die suid-oostekant waar ook die poort van Fort Laval geleë is. Die poort wat gesluit is met die swaar hek van ystertralies. Dit lyk so verspot. In hierdie wye oop woestyn, waar niks of niemand te sien is nie, lyk dit so onnodig om die poort van hierdie klipvesting gesluit te hou. Teuns en Fritz stap tot by die suid-oostelike hoek van die borswering waar vier van die gereelde wagte nou bymekaar staan en uitstaar oor die woestyn. Toe hulle daar vassteek, kom daar 'n frons tussen Teuns se blou oë. Werktuiglik kyk hy na Fritz en die groot Duitser kyk na hom. Toe kyk hulle weer oor die woestyn weg.

Daar aanskou hulle 'n enigsins sonderlinge gesig. Dit is 'n kameel wat daar aankom. Maar die dier beweeg so eienaardig. Dan stap hy, dan gaan hy staan. Dan stap hy maar weer. Dit lyk asof daar iets met sy nek verkeerd is want dit lyk asof hy aan iets beur.

Dit word ook gou duidelik dat die kameel wel aan iets beur, want agter hom sleep hy blykbaar iets. Maar hoe die manne ook al konsentreer, hulle kan nie uitmaak wat daar aan die gang is nie. Agter die kameel lê 'n duidelike sleepsel oor die sand. En aan die gedrag van die kameel is dit duidelik dat die dier 'n taamlike swaar vrag oor die los sand moet sleep.

,,Wat is gaande?'' vra Teuns vir die wagte.

Die een is 'n donker Griek. Hy is die man wat die kameel die eerste maal gewaar het toe dit agter die sandknop omtrent seshonderd tree van die vesting af die eerste maal tevoorskyn gekom het. Die Griek trek sy skouers op. ,,Ek weet nie wat om daarvan te dink nie,'' sê hy. ,,Blykbaar sleep die kameel iets, maar ons kan nie uitmaak wat dit is nie.''

,,Miskien is dit 'n vat bier,'' sê Fritz Mundt en by hom is dit 'n geval van wensdenkery in sy suiwerste vorm.

,,Of dalk is dit 'n skone Arabierse prinses,'' spot Teuns weer.

Die volgende oomblik word die manne se aandag getrek deur iets

anders. Sers. Catroux stap met vier wagte, ten volle bewapen, na die poort.

,,Aha!'' sê Fritz, ,,die verwelkomingskomitee.''

,,Die sersant gaan die kameel verwelkom,'' sê Teuns.

Hy en Fritz stap vinnig terug na die trap, gaan daarmee af, en toe hulle die binneplaas bereik, het Catroux en sy paar manne die poort net mooi hoog genoeg opgekatrol sodat 'n kameel onder kan deurgaan. Teuns en Fritz volg die sersant en sy paar manne by die vesting uit. In hulle is daar nou 'n warme belangstelling. Watter geheim sal hierdie stomme kameel met hom saambring uit die Sahara?

Hoe nader die manne aan die dier kom, hoe eienaardiger word die toneel. Hulle hoor die kameel bulk en hulle sien die snaakse gedoente wat hy agter hom aansleep. Ent-ent lyk dit amper soos 'n soort slee maar waar is die drywer van die slee? Teuns en Fritz kry lag toe hulle bemerk hoedat Catroux sy paar manne bevel gegee het om die gewere gereed te hou. Maar die volgende oomblik verdwyn die glimlag van hul gesigte toe hulle daaraan dink hoedat gevalle in die woestyn al voorgekom het dat Arabiere juis hierdie soort set gebruik het sodat die garnisoenpoort moet oopgaan en die manne hulle op die woestyn moet waag. Teuns steek meteens vas en kyk al in die rondte maar op die wye horison is daar nie die geringste beweging sigbaar nie. Al wat hy daar sien, is die hitteduiwels wat in groteske walms die gesigseinder in beweging bring. Toe konsentreer hy maar weer op eie kameel en hy en Fritz stryk vinniger deur die sand aan.

Toe die manne nader kom, gaan die eensame kameel dankbaar staan maar blykbaar is die dier so uitgeput dat hy selfs nie kan staan nie. Die volgende oomblik gaan hy lê.

Oomblikke daarna sien die manne iets wat hulle verbaas. Wat hulle die asems 'n bietjie vinniger laat intrek en wat Catroux se paar manne se vingers na die snellers laat glip.

'n Man het agter die kameel uit tevoorskyn gekom. Dit lyk asof hy sukkel om orent te kom. En toe hy eindelik orent is, staan en swaai hy daar in die rondte soos 'n skaap wat dronksiek het. Hy





loop 'n paar tree swaaiend met sy kop ver agteroor, toe vou sy bene onder hom en hy slaan op die warm sand neer.

,,Wat die duiwel gaan nou aan?'' vra Fritz.

,,Dit sal ons wel gou genoeg weet, ou grote,'' antwoord Teuns, en hy kan nie help om weer na die horison te kyk nie. Maar nog steeds is die horison leeg.

'n Paar oomblikke daarna aanskou Fritz en Teuns, Catroux en sy paar manne 'n vreemde gesig. Hier langs die kameel lê 'n vreemdeling op die warm sand. Hy is blykbaar so gedaan dat hy die hitte van die sand nie eens meer voel nie. Sy baard en sy hare is lank, hy het 'n verweerde sonhelm op en origens dra hy kakieklere.

Maar hy is nie die enigste swerweling deur die woestyn nie want daar agter die stomme, geduldige kameel lê nog twee manne. Hulle lê op 'n groot seil waarvan die twee voorste hoeke stewig met 'n tou vasgemaak is. Die tou loop onder die kameel se pens deur en is om sy nek vasgemaak sodat die stuk seil vir die drie vreemdelinge blykbaar 'n slee geword het. Die stuk seil is al behoorlik deurgeskuur en nie veel verder nie, of dit sou seker sommer middeldeurgeskeur het.

Die ander twee vreemdelinge daar op die seil lyk asof hulle in 'n diepe beswyming verkeer. Catroux en sy manne tel hulle op. Teuns en Fritz tel die een op wat daar in die sand neergeslaan het. En toe hy 'n paar woorde prewel, weet hulle dat hy water vra. Die ander twee is in so 'n toestand dat hulle blykbaar nie 'n woord kan uitkry nie. Hulle is erg verbrand, hulle lippe is opgeswel en hul kragte is klaarblyklik baie min.

Die paar wagte, Teuns en Fritz tel die drie man op en dra hulle terug na die Fort. Catroux bring die kameel en toe die klein optog die vesting nader, is die res van die garnisoen by die poort om te sien wat gaande is. Maar op bevel van sers. Catroux voordat hy die fort verlaat het, bly die wagte op die borswerings streng op hul poste.

So in die loop probeer Catroux iets uit die manne kry, maar

klaarblyklik is nie een van hulle in staat om te praat nie.

Op bevel van Catroux neem die kêrels die drie vreemdelinge direk na die kantoor van die bevelhebber van Fort Laval. Hy is luit. Gaston Verrier, en toe Catroux binnekom, vind hy vir Verrier in presies die toestand waarin hy hom verwag het—skoon besope. Want Gaston Verrier is een van die manne wat die beproewinge van Fort Laval eenvoudig nie die hoof kan bied nie. Dit is nou maar die tweede maal dat Verrier bevel moet voer oor die klein garnisoen van Fort Laval en na sy ondervinding die heel eerste keer, het hy hierdie keer gesorg dat hy oorgenoeg konjak saamgebring het sodat hy byna permanent in 'n toestand van besopenheid kan verkeer om die beproewinge van hierdie buitepos te kan weerstaan.

,,Aha, Catroux,'' sê Gaston Verrier toe die sersant binnekom. ,,Waaraan het ek jou besoek te danke, mon sergeant?''

,,Luitenant,'' sê Catroux, ,,ons het in ietwat vreemde omstandighede drie vreemdelinge hier in die woestyn voor die poort gekry.''

,,Drie vreemdelinge?'' vra Verrier en sy kop staan skeef, sy oë byna toe van die uitputting en die beskonkenheid. ,,Manlik of vroulik?''

,,Manlik, Luitenant,'' sê Catroux, en hy kan die ergernis in sy stem skaars keer.

,,Bring hulle binne, Catroux,'' beveel Verrier. ,,Ek is net in die stemming om vreemdelinge te ontmoet. Ek hoop hulle is interessant.''

,,Hulle is in 'n baie slegte toestand, Luitenant,'' sê Catroux. ,,Ek het gewonder of ons hulle nie eers moet laat lawe hier.''

,,Bring hulle binne, Catroux,'' beveel Verrier wat altyd baie op sy eer gesteld is en wat tog so graag bevele gee. ,,Ons sal hulle 'n bietjie konjak injaag, mon sergeant,'' sê die luitenant.

Die volgende oomblik bring die kêrels die drie vreemdelinge slepend die kantoor binne en Verrier staan op agter sy lessenaar en waggel tot by die muur waar hulle die drie manne neergelê het.





,,Hulle lyk taamlik gedaan,'' sê Verrier. ,,Hoe het hulle hier aangekom, Catroux?'' vra hy.

,,'n Kameel het hulle gesleep, Luitenant,'' antwoord Catroux. ,,Hulle het op 'n bokseil gelê wat deur die kameel gesleep is.''

,,Hoe sonderling!'' roep Verrier uit met 'n kort laggie wat Catroux opnuut met afsku vervul. Hy het al baie dae daaraan gedink om Verrier te verkla. As daar 'n aanval op hierdie Fort gemaak word en Verrier is in hierdie toestand, wat gaan dan die uitslag daarvan wees?

,,Wie is hulle, Catroux?'' vra Verrier.

,,Ek het geen benul nie, Luitenant,'' antwoord Catroux.

,,Maar hulle het tog seker papiere?'' sê Verrier. ,,Ondersoek hulle, man. Hy kantel terug na die tafel, gaan neem 'n glas, drink 'n mondvol konjak en beveel vir Teuns Stegmann om die drie mans elkeen 'n sopie in te jaag.

Catroux deursoek hul sakke, vind daar 'n paar papiere en oorhandig dit aan Verrier. Die luitenant se asemhaling is diep en reëlmatig, die sweet pêrel op sy voorkop onderwyl hy die papiere deurkyk.

Eindelik lig hy sy kop en met moeë oë kyk hy na Catroux. ,,Mon ami,'' sê hy vir die sersant, ,,ons drie besoekers is landgenote. Hulle is aldrie Frans.''

En toe hy dit sê, kyk Teuns Stegmann vinnig na hom met verbasing in sy oë. . .

## DIE BESOPE LUITENANT

Op bevel van luit. Gaston Verrier jaag Teuns die drie manne 'n hele paar doppe konjak in en hulle het nog nie die kraggewende vog te lank in nie of die een kreun, roer sy liggaam en maak sy oë oop. Hy is 'n kleinerige, donker man met krom bene, stewig en skraal. Hy kyk verward om hom heen en toe vestig hy sy aanblik op Verrier wat alle militêre presiesheid vir die wind gegooi het en op die kant van sy lessenaar gaan sit het met sy bene swaaiend.

,,Wees gegroet, mon ami,'' sê Verrier ewe gemoedelik vir die vreemdeling.

Die donker kêrel sukkel orent en sit teen die muur, skud sy kop en toe kyk hy weer na die omstanders. ,,Waar is ek?'' vra hy verdwaas.

,,Mon ami,'' antwoord Verrier, ,,jy is in die kantoor van die bevelhebber van die Fort Laval, suidelike buitepos van die Franse Vreemdelegioen.''

Teuns Stegmann, sers. Catroux en Fritz Mundt kyk baie aandagtig na die man. Hy is donker, hy het enigsins delikate gelaatstrekke, en toe hy gepraat het, was sy Frans perfek.

Intussen is die manne besig om die ander twee aankomelinge te lawe. Dit duur ook nie te lank nie of hulle begin ook tekens van lewe toon.

,,Wat is jou naam?'' vra Verrier.

,,Ek is Emil Noire,'' antwoord die kêrel en skud weer sy kop.

,,En waar kom jy vandaan—jy en jou twee maats?'' wil Verrier verder weet.

,,Ons is prospekteerders verbonde aan die Petroleummaatskappy van Marseille,'' antwoord die donker man.

,,Het julle kom olie soek in die nabyheid van Fort Laval?'' vra Verrier.

,,Nee, dit is nie dit nie,'' antwoord Noire. ,,Ons was op 'n inspeksietog uit toe ons deur 'n klompie Arabiere oorval is. Hulle





het ons die woestyn ingeneem in hierdie rigting, maar een nag het ons ontsnap. Ons het elkeen 'n kameel gehad maar die ander twee het beswyk. Ons het afgelei dat ons nie ver van Fort Laval kon wees nie, maar ons het ons deeglik misgis. Ons kos is al eergister op en ons water het reeds gister ingegee. Toe die tweede kameel beswyk het, het ons die bokseil vir 'n slee gebruik sodat hierdie kameel ons kon aansleep.''

,,En watter soort Arabiere was hulle?'' vra Verrier.

,,Ons het hulle vir Toeareks aangesien,'' antwoord Noire.

,,Toeareks?'' vra Verrier. ,,Die vloeke loop ook altyd net en kwaad doen. En nou verwag jy seker dat ek julle moet terug stuur na jul kamp nie waar nie?''

,,Ons sal dankbaar wees as ons op die een of ander manier gehelp kan word,'' antwoord Noire. ,,As die kameel ons nie hierheen gebring het nie, sou ons seker verlore gewees het. Ons ken die Sahara maar baie swak.''

,,Dit is baie moeilik, mon ami,'' antwoord Verrier. ,,Ek het 'n baie klein garnisoen—skaars veertig man. En as ek nou nog van hulle moet afstaan om julle terug te neem, kan dit my in 'n gevaarlike posisie stel. Maar ons sal nie nou daarop ingaan nie. Julle moet in elk geval eers rus en aansterk voordat ons daaraan kan dink om julle terug te neem na jul kamp.'' Toe wend Verrier hom tot Catroux. ,,Mon sergeant,'' sê hy, ,,neem die vreemdelinge uit en sorg dat hulle genoeg te eet en te drink kry. Rig vir hulle ook 'n goeie rusplekkie in. Ons kan die saak later verder bespreek.''

Teuns, Fritz en die ander manne neem die drie kêrels uit na 'n vertrekkie langs die kombuis waar Catroux hulle wil inrig. Toe hulle uitstap, steek Teuns meteens vas. Stap terug en beduie vir sers. Catroux dat hy hom eenkant wil sien. Toe hulle opsy is, fluister Teuns vir die sersant:

,,Mon sergeant,'' sê Teuns, ,,ek weet nie of ek voorbarig is nie, maar ek dink nie hierdie drie manne is Franse nie.'' Catroux kyk met 'n eienaardige glimlag na die Suid-Afrikaner op. ,,Dit is eienaardig, mon ami,'' sê Catroux, ,,maar ek het dieselfde indruk. Ek dink egter ons is heeltemal verkeerd. Hulle is tog seker maar